

Maandag 15 Maart

Skrifgedeelte: Eksodus 34:10-28

Fokusgedeelte: Eksodus 34:14
(1933/53-vertaling)

Aan God alleen alle eer

Moses het die eerste kliptafels stukkend gegooi in aanskoue van die volk wat hulle rug gruwelik op God draai en die goue kalf aanbid (32:19). Moses smee om genade en bid dat God hulle as sy erfdeel sal neem. Die Here antwoord in 34:10: “Kyk, Ek sluit ’n verbond.” ’n Verbond is God se genadige handeling waarin Hy die verbondsvolk sekere seëninge sal gee as hulle sekere bepalings gehoorsaam.

Die Here beveel dan op grond van hierdie verbond: “Let op wat Ek jou vandag beveel ... Julle mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.” Vers 14 maak duidelik wat die verbond van Israel eis. “Want jy mag jou nie neerbuig voor ’n ander god nie; want die HERE se Naam is Jaloers – ’n jaloerse God is Hy.” Die eis van die verbond is vir aanbidding van die Here alleen. Sy Naam is “Jaloers”.

Hy maak Homself ook so bekend in die wet. Hy is jaloers en daar mag voor geen ander gode gebuig word nie. Sy jaloesie is nie oor iets wat nie aan Hom behoort nie, soos iemand wat jaloers is op iemand anders wat iets het wat hulle graag wou hê nie. Maar sy jaloersheid is juis oor dit wat aan Hom behoort en Hom toekom wat Hy nie sal prysgee nie, soos ’n man wat jaloers is op die liefde van sy vrou. Alle eer en heerlikheid kom alleen aan Hom toe. Hy alleen is dit waardig. Hy het geskape sodat sy skepping Hom sal verheerlik.

Hy gee sy Heilige Gees om kragtig in ons te werk, juis om Hom alleen te dien en te verheerlik. Dit is ’n gruwel om jou Godgegewe lewe te gebruik om egbreuk te pleeg teen die Almagtige (Jak. 4:4). Gee jouself as lewende en heilige offer wat vir Hom aanneemlik is.

Sing: Psalm 146-1:4, 8

Ds. CB Robinson (Brahm) (Cachet)